

Wees onderdanig, selfs in onregverdige lyding, soos Christus (I Pet 2:11-25)

Gebed

O God, in hierdie brief van Petrus, het ons U leer ken as die soewereine God, wat alle krag het, en ook die genadige God, wat U oor ons ontferm het. U is ook die heilige God. Daardie wete maak dat ons die hoop het. Ja, 'n vaste sekerheid om in die toekoms, vir ewig, saam met U te kan wees. Daardie hoop vloei oor tot 'n dankbare heilige lewe. Dit help ons, om selfs om in swaarkry, bly te wees.

As ons nou U Woord oopmaak, lei ons deur U Gees, om te verstaan wat so 'n heilige dankbaarheidslewe prakties beteken. Verander ons lewe, dat ons in U Seun Jesus Christus se voetspore kan loop. Amen

Skrifoordenking

1. Gedra julle goed...vir die heidene tot eer van God

11 *Geliefdes, ek dring daarop aan dat julle,
as bywoners en vreemdelinge,*

*julle weerhou van liggaamlike begeertes
wat stryd voer teen die siel.*

12 *Gedra julle goed onder die heidene,
sodat hulle,*

wanneer hulle julle beswadder asof julle misdadigers is,

God op die dag van besoeking kan verheerlik

omdat hulle julle goeie dade gesien het.

Gister se gedeelte het ons gewys hoe ons deur die Woord geestelik groei en dat dit uitloop op die uitdeel van daardie geestelike melk, tot eer van God. Vandag, gee Petrus ons nou praktiese voorbeelde hoe ons heilige optrede, ons goeie dade, ander sal bring om ook God te eer. Verse 11-12 gee die raamwerk vir vandag en more se gedeeltes. Al die voorbeelde wat ons gaan deurwerk staan onder die sambreel van verse 11-12. Kom ons werk hierdeur.

Wat is die doel van die twee verse:

sodat hulle, ... God ... kan verheerlik

Ons sien die die woord "hulle" verwys terug na die heidene. Kom ons kyk nou wat moet gebeur dat hulle God sal verheerlik.

Petrus gee hier die opdrag. Hy spreek hulle aan as geliefdes en praat dringend:

ek dring daarop aan dat julle,

julle weerhou van liggaamlike begeertes

Gedra julle goed onder die heidene

sodat hulle, ... God ... kan verheerlik

Hy beklemtoon weer ons is bywonders en vreemdelinge, burgers van God se koninkryk. Hier op aarde is ons in 'n stryd. Ons begeertes voer stryd teen ons siel. Dis soos 'n oorlog. Satan wil ons terug steel na die ou lewe, die ou begeertes. Hy wil ons ons weer verdwaalde skape laat word.

Die hoofstuk eindig in vers 25 met: *Julle was immers verdwaal soos skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Bewaker van julle siele.*

Ons het God se ontferming en soewereine krag gesien en dit het ons laat terugkeer na God. Nou moet ons veg teen die begeertes wat ons nou weer wil weglok. Die manier om dit te doen is om terug te keer na die Herder wat ons oppas en ons siele bewaak. As hy hier praat van ons siel, is die mens in sy totale bestaan. Die 1983 vertaling verklaar dit daarom so: Sinlike begeertes... *verwoes net 'n mens se lewe.*

In vers 12 word die heidene beskryf as mense wat die gelowiges beswadder. Vers 19 wys ook op onregverdige lyding. So, ons moet ons goed gedra onder mense wat nie noodwendig goed teen ons optree nie. En die rede: **Sodat hulle God sal verheerlik op die dag van besoeking.** Die dag van besoeking is waarskynlik wanneer hulle tot bekering kom. Die 1983 vertaling het dit vertaal as dag van afrekening. Die 1953 het ook soos die 2020 vertaling van dag van besoeking. In die res van hierdie brief waar Petrus verwys na die wederkoms, praat hy van die dag wat Jesus Christus geopenbaar word (bv. 1:7).

In die dele wat ons vandag en more verder gaan bestudeer, sal ons telkens sien dat die goeie dade van die gelowige die ongelowige tot bekering moet lei. Die gedeelte eindig dan ook dat hulle tot bekering kom omdat hulle die goeie dade gesien het.

In die res van vandag se deel fokus hy op onderdanigheid aan mense wat bo jou geplaas is. In more se gedeelte gaan dit oor onderdanigheid in die huwelik en onderdanigheid aan alle mense.

2. Doen goed: Wees onderdanig en stop so onkunde

13 *Wees*

ter wille van die Here

onderdanig

*aan elke menslike instelling,
sowel aan die keiser, die hoogste gesagsdraer,*

*14 as aan die prokurator —
die mense deur die keiser gestuur om
die misdadigers te straf,
en dié wat goed doen, aan te prys.*

15 *God wil immers hê*

dat julle

*deur goed te doen
die onkunde van dwase mense stopsit.*

Petrus leer ons dan nou oor onderdanigheid aan mense wat bo ons gestel is. Die rede kry ons in vers 15:

God wil hê **dat julle ... die onkunde van dwase mense stopsit**

In vers 12 het ons gesien die beginpunt van die bekering van die heiden, is om die goeie daade te sien. Gister het ons ook raak geles dat ons verstand eers die kennis van God moet kry voordat ons harte begin hoop. Ons optrede lei dus hierdie mense tot kennis. Dit bring hulle ook in lyn met God se wil.

So, ter wille van Hom, moet ons onderdanig wees aan elke menslike instelling. Ja, aan die keiser, die prokurator en almal in gesagsposisies.

3. Leef as vry mense wat God dien

16 **Leef as vry mense** —

nie soos hulle wat vryheid as dekmantel vir die kwaad beskou nie, maar as mense wat God dien.

17 *Julle moet*

alle mense respekteer,

die medegelowiges met liefde bejeën,

ontsag vir God hê,

die keiser respekteer.

En net as ons dan dink, maar nou is ons vryheid ingeperk, lees ons... 16 **Leef as vry mense** — Al het ons gesag bo ons, aan wie ons ons onderwerp, kan ons as vry mense leef. Ons is immers vry gemaak van ons sinlose verlede!

Vry mense is mense wat God dien. Dis nie die soort vryheid wat maak dat jy jou kan oorgee in sondige daade nie, maar een waarin jy so optree:

Die mense met gesag bo jou, moet jy met respek behandel, jou medegelowiges met liefde, maar die belangrikste is ontsag vir God. Ontslag vir God help jou dan ook om in vryheid onderdanig te wees soos Paulus die rede gee in Rom 13:1

1 Laat elke mens onderdanig wees aan die gesaghebbers wat oor hom gestel is, want daar is geen gesag wat nie van God afkomstig is nie; en dié wat daar wel is, is deur God ingestel. (Rom 13:1)

Petrus self, het vir ons gewys dat as die owerhede se opdrag lynreg teenoor God se opdrag staan, jy dan aan God gehoorsaam moet wees:

27 Hulle bring toe die apostels en laat hulle voor die Sanhedrin staan. Die hoëpriester het hulle begin ondervra: 28 "Het ons julle nie ten strengste verbied om in hierdie Naam te leer nie? En kyk, julle het julle leer deur die hele Jerusalem versprei; en julle wil die bloed van hierdie man op ons bring." 29 Maar Petrus en die apostels het geantwoord: "Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense. (Hand 5:27-29)

4. Onderdanigheid, selfs in onregverdige lyding is genade

18 **Huisbediendes,**

wees met groot ontsag aan julle werkgewers onderdanig,

nie net aan die goeies en vriendelikes nie,

maar ook aan die onredelikes.

- 19 Dit is immers *genade* as iemand,
omdat hy met God rekening hou,
onregverdig lyding verduur.
- 20 Want watter aanprysing is daar vir julle wanneer *julle oortree,*
lyfstraf ontvang, en nogtans daarmee volhard?
 Maar as julle *volhard terwyl julle goed doen en dan tog ly* —
dit is genade by God.

Petrus gaan dan een stappie verder. In die vorige verse was dit die onderdanigheid van alle mense. Hier fokus hy op die onderdanigheid van huisbediendes, of diensknegte soos die 1953 vertaling dit stel. Uit die konteks is dit duidelik gelowige diensknegte. Hulle kry die opdrag:

wees met *groot ontsag* aan julle werkgewers *onderdanig,*

Hulle moet onderdanig wees. Die ontsag hier kan dui op ontsag vir die werkgewer, maar net die vorige vers het beklemtoon dat jou onderdanigheid gebeur uit ontsag vir God. Ons sien ook bietjie laer af die rede vir die optrede: omdat hy met God rekening hou,

Hy leer dat die onderdanigheid ook geld, nie net vir vriendelikes nie, maar ook vir mense wat oor jou gestel is wat onredelik is. Volharding in goed doen, terwyl jy ly, is genade.

5. Doen dit alles in die voetspore van Christus

- 21 *Julle is immers hiertoe geroep,*
want Christus het ook ter wille van julle gely;
Hy het vir julle 'n voorbeeld nagelaat,
sodat julle in sy voetspore kan volg.
- 22 *Hy wat "nie sonde gedoen het nie,*
en in wie se mond geen bedrog gevind is nie" (Jes 53:9)
- 23 *wat, toe Hy uitgeskel is, nie teruggeskel het nie;*
toe Hy gely het, nie gedreig het nie,
maar Homself toevertrou het aan Hom wat regverdig oordeel; (Jes 53:7)
- 24 *wat self ons sondes in sy liggaam aan die kruishout gedra het; (Jes 53:4,12)*
sodat ons,
noudat ons ons sondes afgesterf het,
vir geregtigheid kan leef — (Rom 6:2,11)
- Hy deur wie se verwonding julle genees is.*
- 25 *Julle was immers verdwaal soos skape, (Jes 53:6, Eseg 34:5-6)*
maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Bewaker van julle siele.

Petrus begin, hierdie laaste gedeelte van die hoofstuk, met die woorde: *Julle is immers.* Dit verwys terug na die vorige verse, waar Petrus ons opgeroep het tot 'n lewe van goeie daade, van onderdanigheid, liefde vir gelowiges, ontsag vir God, selfs in swaarkry. Omdat die heidene dit sien, lei dit hulle tot bekering. Hier sê hy ons word daartoe geroep.

Die rede? want Christus het ook ter wille van julle gely;
 Sy woude het ons genees.

Let op die gedeelte het begin *Julle IS immers*. In vers 25 kontras hy dit met *Julle WAS immers*. *Dan staan daar maar nou het...*

Ons was verdwaalde skape, maar nou het ons teruggekeer na die Herder en Bewaker. Hy roep ons nou om Hom te volg. Ja, Jesus Christus is ons voorbeeld. Dis die voetspore waarin ons moet loop. Hy wys dan vir ons sewe voetspore wat hy uit Jesaja 53 aanhaal. Lees gerus Jesaja 53 self deur. Ons sien daar:

- Hy het nie sonde gedoen nie
- Daar was geen bedrog in Sy mond nie
- Hy het nie terug geskel nie
- Hy het nie gedreig toe Hy gely het nie
- Hy het Homself aan God toevertrou
- Hy het vir ons gesterf
- Sy wonde het ons genees

Die onderliggende beginsel wat hierdie sewe moontlik maak is: *maar Homself toevertrou het aan Hom wat regverdig oordeel*; Jesus het dit gedoen tot aan die kruis. As ons daardie voorbeeld volg, in daardie voetspoor stap, probeer ons nie self optree as ons onregverdig behandel word nie.

Die rede hoekom Hy al hierdie dinge gedoen het?
Sodat ons ook ons sondes afsterf en dan vir geregtigheid leef met ontsag vir God (vers 17)
sodat (soos vers 15 wys) dat ongelowiges hulle dwaasheid stop
En soos vers 12 gewys het dat hulle God sal verheerlik

Samevatting

Ons het vandag deur vier punte gewerk:

1. Gedra julle goed, wees onderdanig vir die heidene se bekering tot eer van God
2. God wil hê dat julle die onkunde van dwase mense stopsit
3. Diensknegte, onderdanigheid, selfs in onregverdige lyding is genade

Hoe kry ons dit reg?

4. Die Herder het ter wille van julle gely dat julle in Sy voetspore kan volg

Petrus se raad oms so goed te lewe is:

Veg teen die begeertes en bly by die Herder en Bewaker van jou siel

En dan het hy ons gewys:

Die sien van goeie dade is God se manier om die heidene te bekeer en Hom te eer

Die manier om onkunde van dwase mense stop te sit is om

rer wille van (tot eer van) die Here, wees onderdanig aan elke menslike instelling

Al is julle onderdanig

Leef as vry mense, wat God dien met ontsag vir Hom

Maar eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense.

Die stukkie van die diensknegte het ons nie dieper op ingegaan nie.

Ons kry dir reg omdat ons Herder vir ons gely het en nou kan ons in sy voetspore loop.

Ons was verdwaalde skape, maar geroep en het teruggekeer na die Herder

Die voetspore is nie sonde, maar toevertrou aan Hom wat regverdig oordeel

Sy voorbeeld laat ons die sonde afsterf en vir geregtigheid leef

So ons tema: Wees onderdanig, selfs in onregverdige lyding, soos Christus

en daarby kan ons sê: sodat die heidene hulle bekeer en aan God die eer gee.

6. Oordenking

In jou oordenking vandag, moet jy fokus op die wisselwerking tussen God en Jesus Christus ter wille van jou. Sit daardie bril op en lees weer deur die gedeelte en skryf neer wat jy geleer het.

7. Dankbaarheid

Vandag se gedeelte het baie beginsels en praktiese voorbeelde van onderdanigheid deurgegee. Waartoe dring die Heilige Gees jou vandag? Dink mooi hieroor na en skryf ten minste een, baie spesifieke, voorneme neer waarin jou vreugde vandag gaan oorvloei.

8. Aanbidding

Gebruik dit wat jy by jou oordenking en dankbaarheid neergeskryf het en sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.

Vrede vir jou.